



FRANSE SENDING

Kinderevangelisasie (CEF)




Franse Sending Normandie UITREIK 25 tot 30 Mei in die Manche gevolg deur 'n UITREIK in PONTORSON 31 Mei tot 2 Junie 2019

SA Gemeente Engeland en ds Loffie Schoeman beplan 'n sendinguitreik saam met Ds **Johan en Rita Bloemhof** in FRANKRYK



Met die herdenking van einde van die 2de Wêreld Oorlog (D-dag 6 Junie 1944) wil kerke in Normandïe, in die gebiede waar die invalle was, graag dié konteks gebruik vir die Koninkryksaak. Tydens die 2e WO is die soldate uitgereik met 'n Nuwe Testament. Van die soldate is deur die Bybels in hulle hempasak gered. Daar is mooi getuïenisse. Die gemeentes in die MANCHE (in Normandïe) wil saamspan om te sê God red nog steeds deur die Bybel.



Hulle wil graag **75 000 Evangelies van Lukas** (Spesiale D-dag uitgawe) en kinderevangelisasie materiaal aan huisgesinne versprei.

'n Bietjie agtergrond: FRANKRYK wat eens deel van die bakermat was van ons geloofserfenis, is vandag 'n uitdagende sendingveld. 'n Bepalende faktor was die uitroeiing van die Protestantse gelowiges deur die vervolging van die Hugenote. Frankryk se groot geestelike verlies was o.a. Suid-Afrika se wins gewees. Feitlik 'n kwart van die Europeërs van die 17e eeu wat na Suid-Afrika gegaan het, was Franse Hugenote vlugtlinge. Ons kan glo dat dit deel was van God se Raadsplan om die Evangelie na Suid-Afrika te bring - 'n wonderlike geestelike erfenis vir ons as nageslagte, maar net 'n handjievol gelowiges het in ons stamland oorgebly. Uit dankbaarheid teenoor God kan ons 'n verskil maak in baie gesinne se lewens deur die Evangelie vandag deur uitreikaksies in Frankryk te versprei en daarvoor te bid.

Wat behels die UITREIK?

Gesonde stap in die lente – deel Evangelisasie pakkies uit in posbusse, waardeur die pragtige Normandïe en Franse plattelandse dorpie, 'n Spesiale erediens saam met Franse gelowiges, daaglikse Bybelstudies, lekker saamsing en kuier, 'Pétanque' speel, Boerewors braai, Franse disse geniet, iets van die 2e Wêreldoorlog geskiedenis beleef en die vryheid wat ons tans geniet meer waardeur...

PRYS op aanvraag beskikbaar by die RSA uitreikleier ds Loffie Schoeman lofstel@discoverymail.co.za Tel 0027828758313 Sel 0828758313. Die prys sluit in kos, verblyf, uitstappies en reis in Frankryk (Die vliegtuigkaartjie en visumkoste is addisioneel – is NIE ingesluit nie)

VERBLIFY: In die Duitse Kerkgroep se kampsentrum by SAINT AUBIN DU PERRON en in hotelle in Parys omgewing. Plekke is beperk. Alle kandidate moet goedgekeur word. **Aansoek vorms** beskikbaar by ds Loffie Schoeman. Sperdatum vir inskrywings : 31 Maart 2019



Ds Johan en Rita BLOEMHOF ontvang julle met omgee en liefde. Deur God se genade verkondig hulle die Goeie Nuus in Frankryk oor die laaste 35 jaar. Baie welkom.

Kom saam en neem die Evangelie Boodskap weer terug na Frankryk

“Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.” Johannes 20.21